Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

APRIL 2022

Bulletin

#overstrand4all **Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand** #C4ourself

WAT DIE RAAD IN SY EERSTE 100 DAE VERMAG HET

OVERSTRAND SE BURGEMEESTERSKOMITEE: Rdl. Arnie Africa (bestuursdienste), Rdh. Elnora Gillion (plaaslike ekonomiese ontwikkeling), Rdl. Clinton Lerm (infrastruktuur en investering), Uitvoerende Burgemeester Annelie Rabie (finansies en toerisme), Rdl. Lindile Ntsabo (beskermingsdienste en misdaadvoorkoming) en Rdl. Ronald Nutt (gemeenskapsdienste)

Na afloop van die 2021-plaaslike regeringverkiesing is Overstrand se nuwe Raad op 17 November ingeheldig waarna Uitvoerende Burgemeester, Dr. Annelie Rabie, haar burgemeesterskomitee (Mayco) op 25 November aangestel het en teen die einde van dieselfde maand bevestig het dat alle wykskomitees in die Overstrand na behore verkies en aangestel is.

In 'n terugblik op die eerste 100 dae van haar span se ampstermyn het Rabie toegegee dat die pad wat voorlê, nie sonder opdraandes gaan wees nie maar dat sy tevrede is met dievordering wat gemaak is om 'n paar "aardskuddende veranderings te weeg te bring met die oog op een Overstrand vir almal".

Die Mayco is saamgestel uit ses portefeuljes, elk onder voorsitterskap van 'n raadslid: finansies en toerisme (Rdl. Rabie), beskermingsdienste en misdaadvoorkoming (Rdl. Ntsabo), bestuursdienste (Rdl. Africa), plaaslike ekonomiese ontwikkeling (Rdh. Gillion), infrastruktuur en investering (Rdl. Lerm), en gemeenskapsdienste (Rdl. Nutt).

"Vanselfsprekend oorvleuel die verantwoordelikhede of belange van hierdie portefeuljes, en juis daarom moet daar holisties na die resultate van ons plan vir die eerste 100 dae gekyk word eerder as om portefeuljes se prestasies individueel te beoordeel," het Rabie gesê.

"Nietemin, in die eerste 100 dae van ons ampstermyn het ons gou agtergekom dat daar heeltemal te veel entiteite is wat klaarblyklik 'n sê het oor hoe Overstrand veronderstel is om sy sake te doen, wat onnodige rompslomp tot gevolg het en uitloop op uitgerekte samesprekings wat, oënskynlik, nooit tot 'n slotsom kom nie.

"Ons het ook ontdek dat Overstrand verskeie memorandums van verstandhouding aangegaan het wat die munisipaliteit verplig om vir onbefondsde mandate te betaal: Om bobbejane in toom te hou en te sorg dat verkeersligte langs 'n provinsiale pad werk, is twee van die talle voorbeelde wat aangehaal kan word. Hierdie verpligtinge jaag ons elke jaar miljoene uit die sak, geld wat ons elders kon bestee om werk te maak van dit waaraan ons gemeenskappe nóú 'n behoefte het.

"Wat erg ontnugterend was, is die ontdekking dat soveel van ons inwoners erge frustrasie ervaar omdat hulle maande, selfs jare, moet wag vir 'n eenvoudige antwoord op 'n eenvoudige vraag – soos hoe om reëlings vir die vereffening van 'n rekening te tref of hoe om die registrasie van 'n eiendom te finaliseer – bloot omdat amptenary links lê eerder as om van diens te wees.

"Reeds in 1836 het Charles Darwin, toe maar net 24 jaar oud, dié wysheid kwytgeraak: *If the misery of our poor be caused not by the laws of nature, but by our institutions, great is our sin.*

"Ek is baie, baie dankbaar dat ek in ons munisipale bestuurder, Dean O'Neill, 'n vennoot gevind het wat ook glo dat ons alles in ons vermoë moet doen om te verbeter.

"Uit die staanspoor was Dean gewillig om elke tree op hierdie ontdekkingstog saam met my te stap.

"Gegewe sy vasberadenheid het ek alle rede om te glo dat Overstrand se Raad en sy administrasie saam 'n nuwe blaadjie kan omslaan: #Overstrand4all"

Vir 'n volledige weergawe van die Burgemeester se toespraak oor die eerste 100 dae van haar ampstermyn, besoek https://www.overstrand.gov.za/en/media-section/news/853-mayor-rabie-s-speech-on-her-first-100-days-in-office

SANW TREE TOE TOT STRYD TEEN STROPERS

Antisosiale gedrag wat geassosieer word met die onwettige stropery van mariene hulpbronne langs Overstrand se kuslyn hou al vir baie jare 'n ernstige bedreiging vir inwoners se veiligheid en welstand in.

In 'n poging om hierdie vorm van teistering 'n nekslag toe te dien, is Munisipaliteit Overstrand dankbaar vir die hulp vanaf die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) sodat 'n einde gemaak kan word aan die ongebreidelde plundering van natuurlike hulpbronne en die gevolglike vernietigende effek wat stropery op die publiek in die algemeen het.

Ten tyde van die verwelkoming van die SANW-kontingent in die Overstrand, het Burgemeester Rabie toegegee dat die munisipaliteit bloot nie oor voldoende hulpbronne beskik om sake teen vermeende stropers op te volg of aanhangig te maak nie.

"Ons hoop van harte dat die SANW se teenwoordigheid diegene wat hulle aan dié misdryf skuldig maak, sal ontmoedig en ons sal help om hierdie kriminele vir eens en altyd uit ons kusgebied te verjaag," het die Burgemeester gesê.

Lt.kol. Adriaan Lotriet, SANW-stafoffisier vir operasies, is hartlik verwelkom deur direkteur Neville Michaels, Burgemeester Annelie Rabie en onderburgemeester Lindile Ntsabo

RABIE NEEM FERM STANDPUNT IN OOR SCHULPHOEK-BEHUISINGSPROJEK

Tydens 'n Raadsvergadering wat op Maandag 21 Februarie 2022 gehou is, het Uitvoerende Burgemeester Annelie Rabie haar kommer uitgespreek oor die, volgens haar, "fopnuus" wat in die omloop is rakende die Schulphoek-behuisingsprojek.

Ten einde werk te maak van die publiek se misnoeë en vrese aangaande hierdie projek het sy die speaker formeel versoek om te verseker dat hierdie aangeleentheid "voortaan as 'n staande item op die sakelys van elke raadvergadering sal dien".

Besonderhede oor wat die Burgemeester oor hierdie aangeleentheid te sê gehad het, kan afgelaai word by https://www.overstrand.gov.za/en/media-section/news/848-schulphoek-housing-project.

'n Gedrukte weergawe van die Burgemeester se toespraak kan ook van jou naaste munisipale kantoor versoek word.

HERMANUSFASILITEIT HERWIN REEDS ± 70 TON AFVAL PER MAAND

Die afvalmateriaal-herwinningsfasiliteit geleë te Schulphoek-weg, neffens die waterbehandelingsaanleg en Zwelihle Primêr in Hermanus

Die afvalmateriaal-herwinningsfasiliteit (MRF) in Hermanus is reeds sedert November 2021 ten volle operasioneel. Hierdie fasiliteit, wat deur die kontrakteur Hermanus Recycling bedryf word, groepeer, sorteer en baal alledaagse herwinbare huishoudelike afval soos glas- en plastiekbottels, melkkartonne, blikkies, papier en karton afkomstig vanuit die Groter Hermanus- en Hangklip-Kleinmond-area.

Overstrand se bestuurder: vaste afval, Craig Mitchell, was hoogs in sy skik om te rapporteer dat, danksy inwoners se uitstekende samewerking, ongeveer 70 ton afval reeds maandeliks weggelei word van die Karwyderskraal-stortingsterrein, wat grootliks sal help om hierdie terrein se lewensduur te verleng.

Hy het 'n beroep gedoen op inwoners wat nog nie die herwinningsgewoonte aangekweek het nie, om ook gebruik te maak van die deursigtige sakke wat gratis deur die munisipaliteit verskaf word om van hul herwinbare huishoudelike afval ontslae te raak.

"Om te help om die vloei van afval wat by stortingsterreine beland tot 'n minimum te beperk deur op 'n verantwoordelike wyse van herwinbare items ontslae te raak, sal beslis tot voordeel van die omgewing nou en in die toekoms strek," het hy gesê.

Dis hoe herwinning werk

Sedert November verlede jaar voorsien die munisipaliteit huishoudings van deursigtige plastieksakke wat hulle kan gebruik om van hul herwinbare afval ontslae te raak. Hierdie sakke moet uitgeplaas word op dieselfde geskeduleerde dag waarop afval normaalweg in hul areas afgehaal word.

Vir elke deursigtige plastieksak wat op daardie dag opgetel word, kry inwoners 'n gratis sak ter vervanging.

■ Moets en moenies

Herwinning is heel eenvoudig, mits jy by die goue reëls hou:

√ "Nat afval", met ander woorde goed wat nie herwin kan word nie, gaan in die swart sak en herwinbare items in die deursigtige sak: Dit beteken dat slegs skoon, droë herwinbare items soos plastiek- of glasbottels, blikkies, melkkartonne en items wat van papier of karton gemaak is in die deursigtige sak geplaas moet word.

√ Om te verhoed dat vullisverwyderaars beseer word, draai glasskerwe asseblief eers in koerantpapier toe voordat jy daarmee wegdoen.

√ Let daarop dat tuinafval (grassnysels, blare, ens.) in 'n afsonderlike groen sak geplaas moet word sodat daardie afval ook vir kompostering herlei kan word.

√ Onthou dat vullissakke – hetsy swart, deursigtig of groen – slegs uitgeplaas mag word op die dae wat vir vullisverwydering geskeduleer is: Hulle mag nie voor die tyd uitgeplaas word nie. Om die waarheid te sê, om 'n vullissak oornag op 'n sypaadjie te los in 'n geïdentifiseerde probleemdiergebied is strafbaar.

■ Sonder 'n deursigtige sak of benodig nog?

Weens die vraag en gevolglike druk op beskikbare voorraad kan dit gebeur dat sommige huishoudings nie altyd 'n vervangende deursigtige sak op vullisverwyderingsdag ontvang nie. Daar is ook gevalle waar huishoudings, weens volume, dalk meer sakke benodig.

In gevalle soos hierdie kan vervangende sakke afgehaal word by Hermanus (Magnoliastraat) en Hangklip-Kleinmond (5de Laan) Administrasies se hulpkantore.

Let ook daarop dat groot volumes herwinbare items tussen 08:00 en 17:00 van Maandag tot Vrydag en tot 14:00 op openbare vakansiedae wat op 'n weekdag val by die Hermanus-MRF afgelaai kan word.

As daar oor naweke van oormatige herwinbare items ontslae geraak moet word, maak asseblief gebruik van die naaste oorlaaistasie of munisipale aflaaifasiliteit.

Beskerm vleilande ter wille van mens en natuur

– hiervan kan Overstrand se unieke veenland getuig

Internasionale Vleilanddag met die tema "Wetland action for people and nature" is onlangs met 'n besoek aan die Palmietveengrond gevier deur (van l-r) Duncan Clews (Camphill Farm-gemeenskap), Sheraine van Wyk (Whale Coast Conservation), dr. Lesley Gibson (spesialisnavorser verbonde aan die LNR), Byron Sharpe (Camphill Farm-gemeenskap), Simon Schoenberger (Camphill Farm-gemeenskap), rdl. Clinton Lerm (Mayco-lid: infrastruktuur en investering), Stephen Müller (direkteur: infrastruktuur en beplanning), Liezl de Villiers (senior omgewingsbestuurder), Meagan Carelse (brandweerafdeling), Tarron Dry (departement omgewingsdienste), Kim Heneke (brandweerafdeling), Jill Hendricks (departement omgewingsdienste), Danielle Smith (departement omgewingsdienste) en Lester Smith (brandweerhoof). Voor hurk dr. Alanna Rebelo (vleiland-ekoloog verbonde aan die LNR) en Yulanda Scholtz (brandweerafdeling).

VLEILANDDAG WORD INTERNASIONAAL ELKE JAAR IN FEBRUARIE GEVIER. Ter erkenning van die noodsaaklike rol wat hierdie natuurlike filtreringsisteme vervul om te verseker dat die werking van ons estuariums se kwesbare ekosisteme nie gekompromitteer word nie, het Overstrand ter viering van Vleilanddag besluit om te gaan kyk hoe dit nou gaan met die Onrusrivier-veengrond in die Hemel-en-Aarde-vallei twee jaar nadat dit uiteindelik as "veilig" verklaar is volgende op 'n ondergrondse brand wat met moeite geblus is en aanhou smeul het.

Die Onrusrivierveenland, algemeen bekend as die Palmietveengrond, is die enigste natuurlike filtreringstelsel stroomop wat 'n balans in die Onrus-estuarium bewerkstellig. Hierdie veengrond is uniek aangesien dit oortrek is met 'n robuuste inheemse struik Prionium serratum (palmiet) wat water terughou en veen vorm.

Veen is organiese materiaal met 'n hoë koolstofinhoud wat oor duisende jare opbou.

Die Palmietveengrond, wat ongeveer 33 ha dek, het wetenskaplikes oral in die wêreld se belangstelling geprikkel toe 'n wegholveldbrand tot die ontvlamming van die veen aanleiding gegee het en 'n ondergrondse brand veroorsaak het wat eers na bykans 'n jaar onder bedwang gebring kon word en 'n erge gesondheidsrisiko vir almal in die omstreke ingehou het.

"Om 'n werkbare wyse te vind om die ondergrondse brand te blus, moes ons gaan aanklop by die veenspesialis dr. Piet-Louis Grundling, verbonde aan die departement van bosbou, visserye en die omgewing (DFFE) se program vir die bewaring van vleilande, en die brandspesialis Martin Bolton, verbonde aan die nasionale program Werk met Vuur (WoF). In vennootskap met hierdie spesialiste en ander staatsorganisasies sowel as geaffekteerde grondeienaars kon ons 'n gespesialiseerde plan bedink om die brand in bedwang te bring. Overstrand se departement omgewingsbestuur het 'n reuserol in die koördinering van hierdie pogings vervul en is met 'n nasionale toekenning hiervoor beloon," het Liezl de Villiers, Overstrand se senior omgewingsbestuurder, gesê.

Danksy befondsing wat deur die Kommissie vir Waternavorsing bewillig is, kon die Landbounavorsingsraad se afdeling gemoeid met natuurlike hulpbronne en vernuwing 'n studie getitel Determine peat loss and develop management and rehabilitation protocols for peatlands in South Africa onder leiding van dr. Althea Grundling van stapel stuur.

Uiters belangrike data sal oor 'n tydperk van minstens twee jaar versamel word, en die navorsing-span het reeds 20 putte langs drie van die veengrond se lyne gegrawe en drukmeters in daardie putte geïnstalleer om watervlakke te moniteer. Hierdie veldoefening het ten doel om 'n basislyn vir hidrologiese en stratigrafiese data daar te stel waarteen resultate vóór en ná rehabilitasie gemeet kan word.

"Veen sal slegs brand as dit nie meer deurweek is nie. Waarvoor ons dus 'n antwoord soek is waarom veengrond uitdroog. As mens logies daaroor dink, is dit waarskynlik omdat minder water die sisteem bereik," het dr. Lesley Gibson, 'n navorser verbonde aan die Landbounavorsingsraad (LNR) wat op hierdie terrein spesialiseer, verduidelik.

Indringerplante kan dalk 'n oorsaak wees, of dalk kan dit toegeskryf word aan die bou van die De Bos-dam in die vroeë 70's om Hermanus van drinkwater te voorsien en die toename van landbou-aktiwiteite stroomop sedert dié dam gebou is.

"Wanneer ons die data versamel en ge-analiseer het, sal ons meer insae verkry in hoe hierdie sisteme funksioneer. Slegs wanneer ons daardie punt bereik is, sal ons uitsluitsel kan verkry oor hoe die sisteem ten beste gerehabiliteer en bestuur moet word," het dr. Gibson gesê.

Die navorsingspan is vol vertroue dat die eerste data reeds so vroeg as Oktober vanjaar beskikbaar sal wees.

'n Drukmeter word in 'n put geïnstalleer (foto: AT Grundling)

'n Moontlike plek vir die installering van 'n drukmeter langs 'n lyn in die Onrusrivier-Palmietveengrond word geïnspekteer (foto: AT Grundling)